

Familie Tuisblad



Volharding

1

Begin hier



Doen jy enige sport? Vertel vir mekaar van 'n keer toe jy hard moes oefen of deursettings-vermoë moes hê in jou sport. Dalk moes jy fiks word in 'n vakansie, of dalk het jy geoefen vir 'n spesifieke wedloop of wedstryd, of dalk het jy na 'n besering weer van voor af begin.

Wat het jou gehelp het om vas te byt? Wat het jou gemotiveer? Wat was moeilik gewees? Hebreërs 12 vergelyk ook geloof met 'n wedloop...

2

Lees
Heb 12:1-3



Laai die DinkJeug Familie App gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.



Google Play:



Apple iStore:

3

Gesels



- Geloofgetuies is soos 'n skare op 'n pawiljoen wat iemand aanmoedig. Wie ondersteun jou in jou geloof?
- 'n Las of hindernis is iets wat dit moeilik maak. Wat is vir jou 'n uitdaging om as vriend van Jesus te leef?
- Volharding is om aan te hou al is dit moeilik. Hoe is Jesus vir jou 'n voorbeeld hierin?

4

Bid



Bid vir volharding deur (1) dankie te sê vir mense wat jou leer/ondersteun, (2) jou sonde/laste te bely en (3) Jesus te vra om jou te help om te volhard deur uitdagings.

5

Doen



Soek na getuienisse van atlete of sporthelde wat christene is. Watter lesse leer hulle jou?

Teken jouself wat hardloop of 'n wedstryd speel met 'n skare wat jou ondersteun. Die prent herinner jou - jy is nie alleen nie.